GEORGE

VOETSLAANKLUB - BERG & DAL - HIKING CLUB

# UPSAAL

# 2003

## Oom Tom

Dis 'n voorreg om iets te mag skryf oor Oom Tom,
want as jy hom leer ken het, vergeet jy nooit weer van hom.
As jy hom soek, vind jy hom in die natuur,
ongeag van die dag, tyd of uur.
Hy is 'n man van weinig woorde - introvert,
merk alles op en praat geen snert.
Hy sien die diertjies wat hardloop en voëls wat fluit -
luister na bos en natuur met hul eie geluid.
Staatmaker - stapleier in murg en been,
weet hy waar lei elke paadjie heen.
Nee, nie slegs geweet waar lei dit heen,
maar het self die paadjies uitgesoek - een vir een.
Geen berg of piek was ooit buite sy bereik -
van Cradock piek af het hy menigmaal die wêreld bekyk.
Ag dit was 'n belewenis altyd weer,
om saam met hom in die natuur te verkeer.
Toe kom die slag -
'n Ander lewe wat wag.
Die groot huis uit en woonstel in,
om 'n nuwe tydvak daar te begin.
Die sirkel verklein agter nog 'n keer
en nou is dit 'n kamertjie, nie veel meer.
Oom Tom se rug begin lol - gee baie pyn
en weer 'n entjie verder sak die gordyn.
Hy besluit egter, hierby lê hy hom nie neer,
hy moet stap en niemand gaan hom keer!
Met sy kenmerkende vasberadenheid aanvaar hy die stryd
weet om te gaan sit, is 'n mors van tyd.
Dan sien ons hom in die lang gange met loopraam en kruk,
niks kan hom meer keer of bring van sy stuk.
Gelukkig vir hom, kon hy die oorwinnig behaal,
want rug klaar op en daar's geen verdere kwaal.



Jansie

## *Tannie Mavis........*

Tannie Mavis, model pasiënt,
haar wakker gees die ken geen end.
Nooit ooit hoor jy haar klae,
al het sy sekerlik ook wel haar vrae.
Moedig aanvaar sy tevrede haar lot -
weet van beproewings, (dit kom mos van God.)
Op 86 jaar bly sy besig met blokraaisel, TV en lees,
vandaar ook die positiewe en opgewekte gees.
Sy weet en praat saam oor elke faset van die lewe
en deel met ander die insig en kennis haar gegewe.

## *TEN SLOTTE:*

Berg en Dal Voetslaanklub se allerbeste wense
gaan aan hierdie twee besondere mense,
wat vir ons almal 'n voorbeeld is, voorwaar,
so het ons hul deur die jare ervaar.
Ons hoop dat dieselfde dapper - en blymoedige gees,
steeds vir hul in die toekoms beskore mag wees.

Met liefde
Berg-en-Dal Voetslaanklub

# EDDIE

Die Berg-en-Dal Voetslaanklub bepaal dat 'n persoon nie outomaties 'n lid van die klub kan word nie, dit kan slegs geskied by wyse van uitnodiging. Die doel hiervan is om te voorkom dat ons met " n groep onaktiewe lede opgesaal sit. Ek hou dagboek van al die Saterdag- wandel-en voetslaanpaaie --Stappe, stappe op Dinsdae word nie aangeteken nie.
Ek het my dagboek nagegaan en gevind dat twee van Niekerk –gaste op 3 Augustus 1996 saam met die klub op die Doringrivierroete gestap het. Alle inskrywings hierna verwys na Eddie en Anna.
Hulle stap 73 km. Saam met my tot die 7 e Sept. 1996.
Op 5 Okt.1996 word hulle volwaardige lede van die klub toe ek kwitansie 16 skryf: LEDEGELD R15.00. Embleme 4 @ R5.00 elk. Totaal R35.00
Daarom is hulle trots om lede te word, daarom word vier embleme gekoop!
Okt.'96 stap hy saam met ons op die Kaapse Mars.
Eddie het feitlik elke rugsakstap saam gestap. Drie keer Sederberge, Outeniquavoetslaanpad drie keer, Tstsikamma, Ben McDhiu, Woodcliff,Swellendam, Geneadedal, Sleeping Beauty, Greyton – Mcgregor,Swartberge, Drakensberge en vele ander.
Hy het ook drie keer saam met ons die harde Diaz-vasbyt gestap. Hy het 2741 km. Saam met Annie en myself gestap. Hierdie afstand sluit nie oefenstappe om aan kompetisies deel te neem, in nie, of die wat hy in ons afwesigheid gestap het nie.
Eddie het hom nie alleen as stapper bewys nie, maar het op die Bestuurskomitee gedien waar hy waardevolle diens gelewer het. Hy het nie geweifel om sy mening uit te spreek nie, alhoewel hy soms van ander sienings verskil het, het hy altyd hoflik opgetree en geen kwade gevoel geopenbaar nie. Eddie het altyd die swakkere bygestaan en was die siel van die groep wanneer daar afgesaal word In die aande langs die kampvuur of in die hut het hy die sang gelei en ons vergas met sy bekfluitjie.
Ons sal hom gewis mis.
Anna ons vertrou dat jy nog steeds saam met ons sal stap. Ek bid jou en jou gesin sterkte toe.
Hennie Mouton





## HERINNERINGE AAN EDDIE

Eddie as ' n voetslaan –vriend
By al ons stappers diep bemind
' n Steunpilaar vir almal wat
'n Voetslaanpad met hom wou vat
Sy fiksheid altyd op standaard
Dis soos hy was – dit was sy aard
Sy stem sy yodel en mondfluit
Het stil geword – dis oor en uit
Maar nooit sal ons hom ooit vergeet
Ons wat soveel met hom kon deel
Die mooi wat ons van hom kon leer
Op stappe maar ook altyddeur
Sal onuitwisbaar by ons bly
En nou berus ons almal stil
By Hoër Wil
Faan
19 Augustus 2003

Faan



# Hennie en Annie

Twee Berg-en-Dallers die Moutonners
As voetslaan-vriende heel besonders
Hennie is die skat van Annie
En sy sy Popeye tannie.

Hennie sê hy wou 'n vrou
Met kwaliteit soos Annie trou
Maar tog in ruil so reken hy
Het sy 'n goeie man gekry

Haas oral in die R.S.A
Het jul al rugsakke gedra
En voetslaanroetes voos geloop
So af en toe selfs grond gekoop.

'n Mens kan skaars van roetes praat
Of Hennie ken dit soos sy straat
Hutte se name rits hy af
So goed hy't gister daar gedraf

Van Wattles en van Hakea
Moet mens liefs nie praat
Want sien hy hou daar niks van nie
En word so byna kwaad.

Niks kon die twee tot nog toe keer
Dis amper soos "die kat kom weer"
Vir hul het elke oggendstond
Spreekwoordelik die goud in die mond.

Elkeen oorskry hoewel nie veel
'n Driekwart eeu in geheel
En nou is hul - wees nie verwonderd
Oppad na hulle eerste honderd.
Faan

# 'n Wonderlike stukkie onthou.......

Nadat Eddie en ek vir 'n volle jaar rondgekyk het vir 'n geskikte Aftree- plekkie het George loshande heelbo aan ons lysie ge-eindig. Die hoofrede was die Outeniqua berg wat oor ales uittroon en dan die pragtige omgewing met sy asemrowende staproetes. By 'n baie goeie vriendin uit Oranjemund dae Joey Kruger hoor ons van die Berg en Dal Stapklub, maar dit is eers op 2 Julie 1996 dat ons, ons vir die eerste keer by die groep aansluit.

Dinsdagoggend 2 Julie 1996, kom ons saam met 'n groep voetslaners by die Voortrekkerssaal in Caledonst byeen. 'n Heerlike klomp spontane mense. Ons verskil in die opsig dat elkeen 'n lang "stok" by hulle het. Ek tel toe sommer so in die loop van die oggend my eie stok op, want dit blyk toe baie duidelik 'n groot moet te wees.

Ons stap +/- 13 km. Verby die ou dam sirkel roete. Op een stadium wou my kniee ingee, Eddie en ek was maar goed moeg, maar die stap gogga het gebyt!
So het ek die Dinsdag en Saterdag stappe begin aanteken tot en met 7 Oktober 1996 toe Eddie sy eerste wegstap kon meemaak saam met die groep, hy het plek gekry omdat een van die stappers moes onttrek. Gelukkig het ek nou die voorreg om gereeld na hierdie Sederberg stap te kyk, want Faan het dit vir ons op Video-band vasgelê; dit is nou baie kosbaar.

My laaste aantekening in my boek lees so:
Saterdag 12 Oktober 1996
Ek gaan nie vanoggend saamstap nie, ek sukker met 'n verkoue wat my nie wil los nie en my stapmaatjie is nog in die Sederberge - so ek slaap maar laterig--------

26 Augustus 2003-11-05 Saam met die laterig het ek toe ook luierig geword en nie meer aantekeninge gemaak van en Saterdae se stappe nie, maar ek het wel lekker geskryf oor weg-stappe en wonderlike tye saam in die die natuur en net soos ek die Saterdag van 12 Oktober 1996 sonder my stapmaatjie moes klaarkom so het my dierbaarste maatjie my om 10:00 op 17 Augustus 2003 vooruitgegaan en hy het my op my eie laat agterbly, maar nooit alleen nie - ons wonderlike herinneringe is vir altyd en ek het 'n oop lyn na my Hemelse Vader- Gratis minute "Peak Time en na ure" en "Boy o! Boy" gebruik ek dit!
Aan een en elkeen van die Berg en Dal- Stappers, Baie, baie dankie dat ons deel van so 'n groep is, julle is meer as ner Stapmaatjies. Ons is bevoorreg - mag ons nog lank saam die natuur geniet.

Anna van Niekerk



## WENNERS

**Eddie** so sal ons vir jou onthou.
Eddie en Anna van Niekerk wenners van 60's kostuum kompetise.
Sop en broodjie aand

## Joey Kruger


Daar doer in Suidwes, in die Karrasburg kontrei. So tussen die bobbejane glo vir my word gebore in die twintigerjare van die vorige eeu 'n meisiekind met die asem en moed van 'n leeu.
'n Ma wat drie seuns grootmaak, verdien 'n kroon die drie se liefde vir hul ma is haar soete loon. Met hul name het sy seker menig een verras. So uit die bybel - Jacob, Paulus en Thomas.
Hierdie vrou glo, wat jy wil doen moet jy dadelik doen en sommer ook jouself met die ouderdom versoen. Daarom klim sy op 78 in haar Honda en vertrek met 'n spoed om al haar pelle op Karrasburg te gaan groet.
Die Namibiese rit was aan g'n kind deurgegee. Want Jacob, Paulus en Thomas sou nie toestemming gee nie. Aan haar vriendin "Jy bekommer jou verniet" as iets gebeur sê net," ek het dit vreeslik geniet".
Oral langs die pad is toe pelle om hallo te sê. Die lyf was skaars moeg toe sy op Upington gaan lê. Voordat sy in die Namibiese son aan water kon dink het ou Karrasburg hier voor haar gewink.
Ons praat nou van Joey Kruger van klub Berg- en Dal. Ou Joey wat weet jy kan opstaan as jy sou val. Ons Joey wat maar blaas as sy die berg moet uit, maar met die afkom, kan niemand haar stuit.
Ons wil nie vir Joey Kruger uitsonder maar eintlik word sy deur ons almal bewonder. Haar gelyke kry jy regtig maar min. Joey Kruger jy is ons almal se beste vriendin.

Gys& Elsie

Walking is the one thing that, if fit, we can all do. Every day, without fail, we should walk until we are tired, then turn around and walk back, breathing deeper and feeling our lungs working overtime. Sounds exhausting? That's because you are out of practice, but don't worry - you have the rest of your life to catch up!
**I am determined to walk a little further each day.**

## *Lina Aucamp*, hoe lê mens jou vas in woorde?

Jy is 'n vrou met soveel fasette. Jy is:
**A**ltyd reg vir pret; **B**esig; 'n **C**hristen;**D**ans graag; **E**ntoesiasties; **F**iks; **G**asvry; **H**artlik; **I**ntelligent; **J**ammerhartig; **K**lets graag; **L**ag altyd; **M**ededeelsaam; **N**ooit onwillig; **O**penlik; **P**lesierig; **Q**ueen of drama; **R**eguit; **S**tap dat dit bars; **T**rots op jou nageslag; **U**iters vrygewig; **V**asberade; 'n **W**enner; **Y**werig
En so kan ek gaan deur die hele alfabet en nog steeds nie jou menswees ten volle raakvat nie!



Lina is 'n vrou
Wat alles is , behalwe lou
As sy die dag stap
Moet almal in hul spoor trap
Of sy draf hulle gou flou
Dinsdag se stappe is soos haar kind
Want het sy en oom Tom dan nie gevind

Daar word te maklik gedruk en gehap
In plaas van om flink en vinnig te stap
Dus opsaal en kom by die punt
Lina ons waardeer jou net soos jy is en
mag daar nog vele jare van saamstap wees
by Berg en Dal

Christine Lombard

***Walking***
*Who is the third who walks always beside you?*
*When I count, there are only you and I*
*Together*
*But when I look ahead up the white road*
*There is always another one walking beside you*
*T.S.Eliot*
*1888-1965*

# *Giant's Cup.*

Ag lede van klub Berg- en -Dal
Het onlangs in die pad geval
Hul mikpunt was om Giant se Cup
Doer in Kwa-Zulu te gaan stap.

Hennie die ou diplomaat
Moes al sy strategie uitpraat
Om Faan sover te kry
Om hierdie keer weer saam te ry.

Dit was natuurlik vanselfsprekend
Annie en Mathie was ingerekend
En dat Coleen ook saam sou ry
En nie in George sou agterbly.

Mark het Jeanette en Christine vergesel
Hy is mooi jonk en sterk ,was gou almal
se pêl want sien ons kon hom nodig kry
Om sware sakke te karwei.


Dag een het ons gery en by Indwe oorgebly
Dag twee was Boesmansnek die plek
Waar ons die aand ons tafel dek
Om op dag drie weer te vertek.


By Indwe luister mooi gerus
Ontdek Coleen twee beeste
Wat net soos koeie lyk
Maar eintlik bulle is!

Drakenspieke in sneeu getooi
Verwelkom ons, verruklik mooi
Sprakeloos is ons verstom
Die Heer die sê vir ons Welkom !

Privaat vervoer het ons tot by
Die begin van Sanipas gery
Vandaar moes Dapper en maat Stapper
Ons by die eindpunt kry.







So halfpad op teen Sanipas
Maak almal toe rugsakke vas
En kry koers na Pholela hut
Waar ons die aand sou rus en dut.

Met rugsakke maar swaar gepak
Begin ons toe die Cup te stap
Gelukkig soos ons kossies eet
Word sak-gewig ook weggevreet.

En luister hier- Dink nou net nugter
Soos batterye krag gebruik
Raak selfs die flitse ligter.

Dag twee het ons gesus
En amper stokflou laat uitrus
Mzimkulwana se nege kilometer
Het net tyd gelaat vir die brekfiseter.

Christine se kop had geen hoed op
Ten einde toe die son te stuit
Toor Annie 'n mooi doekie uit
En Mathie as die modevrou
Het gou daaruit 'n hoed gebou.

Mark ons stapper ingenieur
Moes op die tog steeds nog studeer
Hoe om 'n radio
En stofies te laat funksioneer.

Soos tafarele hier ontvou
Kan ons nie anders as onthou
Dit wat ons hier geniet en sien
Is tien uit tien en nie verdien.

Jeanette ons natuurmeisie
Laat bring haar nie gou van haar wysie
As sy elande wil besigtig
Gaan sy vrou alleen hoewel versigtig.

Die voeltjies roep ons opgewek
Staan op dis tyd om te vertrek
Vervolgens is hut Winterhoek
Die rusplek wat ons wil besoek.





Onverpoosd beoefen Mark
Sy monoloog dit maak nie saak
As n iemand antwoord gee
Sê hy maar self net Ja of Nee.

Vroegoggend roep die hadidas
Pasop jul gaan jul tyd verpas
En ons moes toe maar weer opstaan
Om na Swiman aan te gaan.

En soos die hut toe nader kom
Gaan staan ons almal stil verstom
Die kastele wat ons hier aanskou
Gaan ons ons lewenslank onthou.

Van Swiman hut na Boesmansnek
Sweet ons 'n steilte uit
Net Langalibalele
Kon ons so ietwat stuit.

Langalibalele is "n grot
Moes daar verby en aanhou tot
By Boesmansnek want dis die plek
Vanwaar ons weer huiswaarts vertrek.

Heel pogingloos sweef hoog daarbo
'n Witkruisarend sommerso
Op eie wieke kommervry
Kan hy die wind geniet en ry.

Nou stappervriende dis die storie
Maar dalk wil jul nie verder hoor nie
Ja, hoor ek iemand sê, hou op
dus gaan ek nou maar net hier stop !

Faan Strauss ( Okt. 2003 )

# *Die wit muil* - *Hennie*

Annie en self het eers die Kaapsehoop , Wattles en daarna die Prospekteerder gestap. Ons was op ons self aangewys en kon doen wat ons pas. Ons stap die oggend vroeg vanaf Morgenson na Excelsior en tyd was aan ons kant. Ons stap verby 'n groep Boswerkers , wat met muile stompe uit die bos sleep.Ons gaan sit om die werkverrigtinge dop te hou.Ek hoor toe 'n muilhanteerder, wat voortdurend op die muil skree en sien toe 'n wit muil op die kant van die bos. Hy staan en wei en kyk van tyd tot tyd oor sy regterblad "om te sien wat die hanteerder doen". Die hanteerder kap die stompe mooi skoon onder voortdurende toesig van die muil.

Die Hanteerder maak die stompe met 'n ketting vas en praat toe met die muil om te trek. Die muil kyk eers oor sy regterblad en skep die indruk dat hy die stompe tel. Die Hanteerder raas en waai met 'n takkie en die muil stap 'n paar tree en kyk eers weer oor sy regterblad.Die Hanteerder dreig nou met die tak en die muil stap weer aan .Na vele dreigemente bereik hulle die afhaakplek.Die ketting word losgemaak en na vele dreigemente begin die muil te stap, nadat hy eers weer oor die regterblad gekyk het om te sien of die Hanteerder die ketting dra. Die ander muile het nou alreeds twee bondels uit die bos gesleep. Ons stap tot by die hutte , waar ons die skoonmaker aantref en die wit muil kom ter sprake. Sy sê : "mnr. dit is 'n slim muil daardie, hy kan tel. Hy tel die stompe wat hy sleep en indien dit te veel is , weier hy om te trek. Indien hy geslaan word skop hy en hardloop na die kantoor, waar hy voor die deur stop om te kla. Om 12h00 gaan staan hy en moet uitgespan word vir die duur van die middagete. "Hier is nou 'n muil wat sy diereregte ken !"



## PLANTE AS GENEESMIDDEL

Tagtig persent van die wêreld -Bevolking maak nog van tradisionele plantgenesing gebruik.
Daar is tans toenemende belangstelling in hierdie genesingsmetode.

**'n Paar nuttige gebruike:**

1.Suurvy (Carpobrotus edulis)
*Vir swaminfeksie o.a. in die oë, ore en vir Candida.*
2. Wildekopiva/Snotterbel (Bulbine frutescens)
*Vir ekseem,insekbyt, Brandwonde en sonbrand.*
3. Plakkie (Coteledon orbiculata)
*Vir vratjies en soolvratte.*
4.Kankerbos(Sutherlandia frutescens)
*As immuniteits-versterker. Gebruik die blare as tee.*
Veeldoelige salf;


**Bestanddele:**

Wit Vaseline
Comfrey blare
Franse:"Lavender" Blare
Kooigoedblare

**Metode:**

Smelt vaseline oor lae hitte. Sodra dit 'n vloeistof is, voeg geskeurde (nie met mes gekerf nie) Comfrey by, later die lavender en laaste die kooigoed. Kook oor lae hitte vir drie ure. Gooi deur 'n sif terwyl dit nog warm is en bewaar in 'n houer. Dit kan aangewend word vir snye, sere, kneusplekke, swere, toe neus en artritis.

Annette



Sistemiese Hipotermie

Dit is die algemene afkoeling van die liggaam.

**Die volgende stadia word onderskei:**

Bibbering

Moeilike spraak.

Bibbering neem af, spiere word rigied, slaperig en lusteloos.

Bewusteloosheid, pols en asemhaling neem af.

Hart raak onreëlmatig.

Hart fibrillasie

Dood

**Hantering**

Verwyder pasiënt uit omgewing

Verwyder nat klere

Bedek met droë kombers/slaapsak

Indien die pasiënt by sy bewussyn is gee warm drankies


Verhit die pasiënt met warmwatersakke, elektriese komberse en warm lug.

Verhitting moet van romp en bors gedoen word. Die bene en arms moet nie verhit word nie. Indien die ledemate verwarm word sal hipovolemiese skok ontwikkel.

Hou pasiënt rustig.

Die pasient mag glad nie loop nie - dit sal hartversaking veroorsaak.

Moenie aanneem dat die persoon dood is nie KPR moet gedoen word en mag nie opgehou word alvorens die pasient in hospitaal verwarm is nie.



## Miokardiale Infarksie

(Hartaanval)

**Simptome**

***Pyn.***

- *Tipies agter en links*
- *van die sternum.*
- *Dit mag ook agter die*
- *blad of op die krop van die maag voorkom.*
- *Die pyn is aanhoudend*
- *en beklemmend of drukkend*
- *Dit is 'n vreeslike erge pyn.*
- *Dit versprei na die kakebeen*
- *en af in die linkerarm.*
- *Dit mag ook na die oor of*
- *regterarm versprei.*
- *Dit duur langer as 30 min*
- *Dit kan tydens rus voorkom.*
- *Naarheid.*
- *Angstigheid*
- *Moegheid.*

**Tekens**

- Grysbleek van kleur.
- Sweterig
- Koue klam vel
- Polstempo en aard varieër
- - dit mag vinnig, stadig of onreëlmatig wees afhangende van waar die infarksie is,
- Braking mag voorkom
- Skok
- Bloeddruk onbetroubaar.
- Pasiënt kan nie plat lê nie.

**NOODBEHANDELING**


Sorg vir oop lugweg en hartklop.

Ontbied nooddienste.

Plaas pasiënt in semi- regop posisie.

Kalmeer pasiënt.

Wilna



## NUTTY WHEAT -BROSBROOD

250g. Botter (nie margarien nie)
250ml. Versiersuiker (130G)
250ml Snowflake koekmeel (140G)
125ml Mielieblom (60G)
2 ml. Sout
250ml Snowflake nutty wheat (150G)
Strooisuiker

1. Klop botter en versiersuiker saam tot dit lig en donsig is.
2. Sif droë bestanddele behalwe strooisuiker, voeg semels by wat in sif agter gebly en voeg by bottermengsel.
3. Vryf botter in tot mengsel 'n stywe deeg vorm.
4. Druk in 'n liggesmeerde reghoekige pan van 20X24 cm. Prik met 'n vurk en bak 45 min. in voorverhitte oond teen 160° C (325°F)
5. Laat in pan afkoel, sny in stafies en stuif strooisuiker oor. Bêre in 'n lugdigte houer (lewer 35). (Ek los sommer die strooisuiker uit, maar as jy dit verkies strooi dit maar bo-oor.)

Mathie






Die Ma ry met die twee kleintjies (3 en 5) in die kar. Die kinders is onhebbelik en sy raas en raas, maar hulle wil nie luister nie,watnog van stil sit. Sy vererg haarself en trek van die pad af, wiks die tweegoed, sit hulle terug in die kar en sê: Nou wil ek nie weer 'n woord hoor nie.
Na so paar minute sê die seuntjie: "Mamma ek wil iets sê" Sy sê: "Net vinnig, want jy is veronderstel om stil te bly" Sê hy: "Ek wil net vir Mamma sê, Jesus gaan hiervan hoor!"
* * *

## BOTTERKOEKIES

***MENG***



1 Kg botter.
2 eetlepels vanielje essens.
2 kop suiker.
5 kop meelblom.
4 teelepel sout.
Druk uit in panne (1-1½cm) dik
Smeer geklitste eier oor vir glans
Bak in oond vir 30 minute by 170°-180°
Sny in blokkies sodra dit uit die oond kom.
Heerlik by tee of koffie

Sonja

'n Vriendin het baie las met haar bekkige vierjarige seuntjie in die kerk. Hy lewer luidkeels kommentaar op alles en, ten spyte van kwaai kyke, ernstige vermanings en waarskuwings, kom hy net nie tot bedaring nie. Eindelik raak haar geduld op en sy gryp hom en stap met hom oor haar skouer in die paadjie af, deur toe. Toe sy so driftig by die deur uitstap, kyk hy oor haar skouer terug vir die gemeente en sê met 'n klokhelder stemmetjie: "Bid vir my!"
* * *

'n Ma was besig om pannekoek te bak vir haar seuns Kevin (5) en Riaan (3).
Die seuns het begin stry oor wie die eerste pannekoek kry en ma sien toe die geleentheid vir 'n lewenslessie. "As Jesus nou hier was sou hy gesê het.
'Laat my broer die eerste pannekoek vat - ek kan wag" Kevin draai na sy
boetie toe en sê "Riaan - jy kan vandag Jesus wees"
* * *

## DRAKENSBERGE 2003



Gereelde stappe is essensieel! Faan se keteltjie kook gou en almal geniet eers 'n lekker koppie koffie



Bo-op die plato en Christine juig

## SEDERBERGE 2003



Hennie, Faan, Rachel, Annette, Mathie en Annie bestudeer die ligene op die gifberg. Jeanette is die fotograaf.

## GROOT WATERVAL SWARTBERGE



Dapper Berg- en –Dallers op 'n plaas in die Groot Karoo. Nie eers die Hitte het hulle afgesit nie.



OP 'n groot naweek in die Groot Karoo met groot hitte op 'n groot plaas sit groot mense en praat groot dinge oor groot goet wat weggekom het!!!

*Seënwense vir Kerswees*
*En mag die komende jaar*
*Gevul wees met blydskap*
*En liefde*